SA Wrestling Federation Stoeifederasie

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

Miss. E van Zyl
P.O. Box 82625
Southdale
2135
TEL: 011 681 1808
082 290 7561 (Cell)
FAX: 011 681 1800
evanzyl@phumelela.com

Aan: Sekretaris/Voorsitter – Stoeiverenigings
SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SASAR

26 Januarie 2012

SASAR SKRYWE 04/2012

Graag wil die volgende inligting en reëlings deurgee aan al ons afrigters:

1. **Afrigters Werkswinkel**
Die Afrigters Werkswinkel vind plaas op **Sondag 5 Februarie 2012** in die Noord-Gauteng Saal. Ons versoek dat al die Verenigings hulle Hoofafrigter na die werkswinkel stuur. Elke Vereniging kan twee verteenwoordigers stuur, m.a.w. die hoofafrigter en nog een persoon. Ons wil die geleentheid gebruik om belangrike afrigter sake te bespreek naamlik **die implementering van die Lang Termyn Deelnemer Ontwikkeling program** gedurende 2012/3, nasionale en provinsiale kursusse, nasionale oefengroep en tye, graderings, leerstof vir kursusse, stoeireëls, algemene kommunikasie asook afrigter registrasies. Die besonderhede is as volg:

Plek: **Noord-Gauteng Saal in Pretoria**
Tyd: **Registrasie 08:00 – 08:30 (Ons behoort teen 14:30 te verdaag)**
Koste: **Gratis vir eerste persoon en R50-00 vir tweede persoon.**

Ons versoek dat al die verenigings die name van persone wat die werkswinkel gaan bywoon teen **Woensdag 1 Februarie 2012** aan Esta van Zyl by bogenoemde e-pos sal stuur.

2. **Afrigters Kursusse**
Daar word weer drie nasionale kursusse aangebied in 2012 wat oor die land versprei is.

Die reëling dat afrigters verplig is om een nasionale kursus per jaar by te woon, ten einde in die daarop volgende jaar by S.A. aangeleenthede te kan optree bly van toepassing vir 2012, met ander woorde om in 2013 te kan optree moet ’n afrigter in 2012 een van die nasionale kursusse bywoon.

Afrigters wat nie in 2011 ’n nasionale kursus bygewoon het nie, sal nie toegelaat word om in 2012 by S.A. aangeleenthede op te tree nie, alvorens hulle ’n nasionale kursus in die jaar bywoon.

LET WEL:
Ons wil graag spesifiek die volgende rëelings met betrekking tot die toetsing van vlak 3 afrigters deur gee. Afrigters wat vir vlak 3 getoets wil word, moet drie (3) take voor die tyd inhandig. Indien ons nie die afgehandelde take voor die tyd ontvang nie, sal geen toetsing plaasvind nie.

DIE KURSUS DATUMS IS AS VOLG:
Eerste kursus vind plaas op 3 en 4 Februarie 2012
Besonderhede van die kursus:

- Plek: Noord Gauteng stoei saal.
- Registrasie: Vrydag 3 Februarie om 17h00 tot 18h30
  Saterdag 4 Februarie om 07h00 tot 07h45
- Die eksamen en praktiese toetsing vir vlak 1, 2 en 3 vind plaas op Vrydag vanaf 17h00. Ons sal beskikbaar wees vir die skryf van die teoretiese eksamen vanaf 17:00 vir afrigters wat vroeër daar kan wees.
- Name van afrigters wat eksamen wil skryf of getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op Woensdag **1 Februarie** by Esta van Zyl bevestig word (e-pos: evanzyl@phumelela.com).
- Mediese kursus: Caren Fleishman ’n gekwalifiseerde sport fisioterapeut sal ’n kursus aanbied met betrekking tot sport beserings en spesifiek beserings in stoei.
- Verenigings moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning nie opdaag nie, die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde.
- Inskrywingsgelde R220.

Tweede kursus vind plaas op 23 en 24 Maart 2012
Besonderhede van die kursus:

- Plek: Noordwes, Klerksdorp Stoeiklub
- Registrasie: Vrydag 23 Maart om 18h00 tot 18h30
  Saterdag 24 Maart om 07h00 tot 07h45
- Eksamen en Praktiese toetsing vir vlak 1 en 2 vind plaas op Vrydagaand vanaf 19h00.
- Toetsing vir vlak 3 sal op Saterdag 24 Maart plaasvind.
- Name van afrigters wat eksamen wil skryf of getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op Dinsdag 20 Maart by Esta van Zyl bevestig word (e-pos: evanzyl@phumelela.com).
- Mediese kursus: Sal nog bevestig.
- Verenigings moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning nie opdaag nie, die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde.
- Inskrywingsgelde R220.

Derde kursus vind plaas op 20 en 21 Julie 2012 in die Kusstreek.

- Die kursus vind die jaar in die Kaap plaas. Besonderhede van kursus sal later deurgegee word.

3. **Nominasies vir Internasionale toere**

Ons versoek dat alle belangstellende afrigters wat kwalifiseer hulle nominasies sal in stuur na die SASF Sekretaris Generaal voor of op Donderdag 9 Februarie 2012. Geen laat nominasie sal aanvaar word nie. Al die aangeleenthede verskyn wel op die kalender.

4. **Nasionale Oefening**

Die nasionale oefening het reeds op **Woensdag 11 Januarie** begin. Die oefening in die PWV gebied sal by NG Saal begin en weer op ’n maandelikse basis afgewissel word tussen Primrose en Pretoria.

Die datums is as volg tot en met April maand:

- 11, 18, 25 Januarie in **NG Saal** Pretoria
- 1, 8, 15, 22 en 29 Februarie in Primrose by **Primrose Stoeiklub**
- 7, 14, 21 en 28 Maart in **NG Saal** Pretoria
- 4, 11, 18, en 25 April in Primrose by **Primrose Stoeiklub**

Die oefen datums en tye vir die nasionale oefen groepe buite die PWV gebied, sal deur die onderskeie verantwoordelike persone deurgegee word aan die stoeiers in die betrokke oefen groepe.

Ons herinner die oefen groepe buite die PWV gebied dat hulle maandeliks die bywonings registers vir Esta van Zyl moet aanstuur.

5. **Provinsiale Kursusse**

Verenigings word versoek om die datums van hulle provinsiale kursusse in te stuur vir die Afrigters Komitee. Ons wil graag weet waar en wanneer dit plaasvind, sodat ’n lid afgevaardig kan word om dit by te woon ten einde die kursus te evalueer en hulp aan te bied waar nodig.

6. **Afrigter Graderings**

Die vereistes m.b.t. die opgradering van afrigters het as volg verander:

- Opgradering na SA Vlak 1 – Moet reeds ’n provinsiaal vlak 3 of provinsiale instrukteur wees. Die betrokke afrigter moet ook reeds vir drie jaar op provinsiale vlak geregistreer wees.
- Opgradering na SA Vlak 2 – Moet oor ’n SA Vlak 1 gradering beskik.
- Opgradering na SA Vlak 3 – Moet oor ’n SA Vlak 2 gradering beskik vir een volle kalender jaar.
- Opgradering na SA Vlak 4 – Moet oor ’n SA Vlak 3 gradering beskik vir een volle kalender jaar.

Nuwe SA Vlak 1,2 en 3 graderings sal eers aan die begin van die volgende kalender jaar inwerking tree nadat die afrigter die eksamen suksesvol afgelê het.

Die Suid-Afrikaanse Afrigters raamwerk sal ook bespreek en verduidelik word by ons werkswinkel.

Groete

Afrigters Raad